Aan sy seun Kotie het De Wet dit opgedra om vir hom 'n perd te koop; en hy is daarin geslaag om 'n voortreflike dier in besit te kry—'n Arabier was dit, 'n pragtige, wit perd.

„Hoe lyk dit, Kotie," sê sy vader aan hom toe hy die *wit* strydros sien, „hoe lyk dit of jy wil erwe?"

Dit was 'n grappie na aanleiding van die kleur van die perd

„Fleur" was sy naam. Hy het dwarsdeur die oorlog gegaan. Syns gelyke, so het generaal De Wet gedink, was daar van begin tot end in die bange stryd nie gewees nie.

Met 'n paar vriende het De Wet 'n gemeenskaplike wa gehad, waarop hy met hulle al die benodigdhede vir die oorlog gelaai het; en so het hy op kommando gegaan as 'n gewone burger.

Ten ooste van Heilbron was dit dat die Heilbronse Kommando, waartoe De Wet behoort het, onder kommandant Steenkamp bymekaargekom het. Dit was byna dadelik nadat hulle daar byeen was, dat die bevel uitgevaardig geword het dat die burgers met alle spoed na die Natalse grens moes opruk. Toe hul ten noordooste van Harrismith, enige dae daarna, afsaal, kom daar emmers vol koffie van die vriende van die dorp, wat die manskappe hoog op prys gestel het. Daar op Harrismith het die kommandante [1]) vir Marthinus Prinsloo tot Hoofkommandant gekies, en dit is bepaal hoe die verskillende kommandantskappe op die grenslyn sou gaan lê. Die Heilbronners het posiesie ingeneem nie ver van Bezuidenhoutspas nie.

---

[1]) Die kommando's op die Natalse grens het bestaan uit dié van Bethlehem, Harrismith, Heilbron, Kroonstad, Vrede en Winburg

Die volgende dag is Christiaan de Wet, terwyl hy met 'n patrollie aan die grenslyn aan verken was, tot Assistent-Kommandant gekies. Hy sou nou ook gou-gou werk te doen hê.

Toe op 11 Oktober die tyd gestel deur die ultimatum van die Transvaal, verstryk het, en die twee Republieke nou werklik in staat van oorlog met Engeland verkeer, is daar deur die Regering las gegee dat al die magte daar in die noordooste moes opruk tot op die grenslyn. Kommandant Steenkamp was op die oomblik onwel, en nou moes die 600 Heilbronse manskappe onder assistent-kommandant De Wet daarheen gaan. De Wet het toe opnuut gesien wat hy uit sy ondervinding in die Transvaalse oorlog opgedaan het, wat 'n nadeel dit was vir die Republieke dat hulle burgers nie vir die oorlog geoefen was nie. Dit is wat hy van sy eerste ondervindinge in die oorlog van 1899-1902 sê: „Alhoewel ek maar ses myle moes gaan, het dit my baie hoofbrekens gekos om alles in orde te bring Dit was oor die gebrek aan dissipliene, in die regte sin van die woord, onder die burgers Daar is met die loop van die oorlog hierin groot verbetering gekom Maar nooit, so lank as die stryd geduur het, is die tug gehandhaaf nie. As ek dit sê, wil ek nie te kenne gee dat die burgers onwillig of onregeerbaar was nie; maar ek meen net dat hulle so ongewoond was om onder bevele te staan, dat dit my nagenoeg 'n reusewerk was om alles na wens te reël."

Enige dae daarna het hy, omdat kommandant Steenkamp nog altyd ongesteld was, aan die hoof van 500 man Natal ingegaan. Hy en sy manskappe het deel uitgemaak van 'n mag van tweeduisend man onder waarn. veggeneraal C. J. de Villiers om die

terugtog van kolonel Yule van Glencoe en Elandslaagte af te sny. Maar die kommando's was te laat. Die Engelse was verby en het Ladysmith bereik voordat die Boeremagte tussenbei gekom het.

Op die 24ste het die Engelse uit Ladismith getrek, en die kommando's aangeval op Rietfontein, of Modderspruit. In hulle aanval is hul nie geslaag nie, en hulle moes terugtrek.

Die 30ste Oktober het Christiaan de Wet op die voorgrond gekom. Dit was met die slag van Swartbooiskop, wat ook Nicholsonsnek genoem word. Kommandant Steenkamp het met hom die plan beraam om Swartbooiskop, wat 'n entjie suid van Nicholsonsnek lê, met driehonderd man te bestorm. Dit het gebeur deur die nalatigheid van 'n brandwag dat die hele berg deur die Engelse in die vorige nag in besit geneem was. En nou was dit die doel om die vyand daaruit te dryf. Toe Steenkamp en De Wet die noordepunt bemagtig, sien hulle dat die berg van die middel tot aan die ander end in hande van die vyand is. Daar volg 'n geveg met kleingewere. Die Boere het geen kanonne met hulle geneem nie, en die stukke van die Engelse het onklaar geraak. De Wet en sy manskappe vind dit uit dat hulle geweldig bestook word van die Engelse, maar hulle win al meer en meer veld—en dit nieteenstaande dat hulle baie slegte skuiling het. Gedurig val die Engelse terug, totdat hul hulle laaste verdediging maak by Kafferkrale en groot rotsblokke. Hiervandaan beskiet hulle die Boere geweldiger as ooit, maar die vuur van De Wet se manne kan hul nie uithou nie, en om tweeuur in die namiddag gee hulle vir hul oor. Aghonderd soldate word hier gevange geneem.

Omtrent 'n uur te perd hiervandaan was die Transvalers ook op hierdie dag met die Engelse slaags, en hulle het vierhonderd krygsgevangenes geneem.

Dit was nou besluit om Ladysmith te beleer; en die Heilbronners het posiesie geneem teen rande aan die suidweste van die dorp.

Die slag van Nicholsonsnek het die aandag van die wêreld op Christiaan de Wet gevestig; en dit het niemand verwondering gebaar nie dat die Regering dit ingesien het dat so 'n man die land beter kon dien dan as Assistent-Kommandant. So het dit gebeur dat De Wet op 9 Desember 'n telegram van president Steyn gekry het, waarin hy hom die waardigheid van Veggeneraal aanbied op die westergrense. Die aanbod was vir De Wet 'n verrassing, en hy het aan die President teruggetelegrafeer om hom 'n bietjie tyd te gee om daaroor na te dink. Dit het vir hom gelyk of dit onmoontlik was om die rang wat vir hom aangebied was, maar so dadelik te aanvaar. Maar daar kom, nog dieselfde dag, kort op die telegram van die President een van die heer A. Fischer, by hom aandringende dat hy die benoeming vir hom moet laat welgeval. Toe neem De Wet vier of vyf vriende, manne in wie hy vertroue stel, op 'n randjie buite die laer, en daar het die klompie die aangesig van God geraadpleeg. Johannes Cilliers, 'n seun van die onvergeetlike Sarel Cilliers, neem toe die woord, en hy spreek in die naam van almal daar op die randjie: „Jy moet gaan!"

En die besluit van De Wet is ook dadelik geneem. Hy sal die rang van Veggeneraal aanvaar. En hy sal ook dadelik gaan. So was dit met hom altyd gewees:

Waar hy 'n oortuiging gehad het, het hy nooit gedraal om dié tot 'n daad te maak nie. Hy gaan nou na sy manskappe terug, roep hul bymekaar, en vertel hul dat hy van hulle moet afskeid neem. Dit was so onverwags vir die kommando as dit vir hom gewees het. Sy burgers sou hom tog so graag as hul leier wil behou het! Maar hul het dit verstaan dat daar hier vir die Assistent-Kommandant 'n weg ooplê waarop niemand moet trag om hom te dwarsboom nie. Nadat hy sy troue manskappe bedank het, het hy alles in gereedheid gebring en nog die aand van dieselfde dag vertrek Met 'n spesiale trein is hy vervoer van Elandslaagte, en nêrens was daar oponthoud tot op Viljoensdrif nie Daar moes hy, tot sy grote ergernis, ses ure wag—die Engelse stasiemeester daar het nie geleef onder die drang wat De Wet verteer het nie. Hy moes dan wag totdat 'n gewone passasierstrein hom daarvandaan kon vervoer. Die volgende dag het hy op Bloemfontein aangekom.

Nou was dit te perd na Kimberley—en Fleur het getoon wat daar in hom was! Op 16 Desember kom De Wet op Maersfontein aan. Terwyl hy op reis daarheen was, het die slae van Stormberg, Maersfontein en Colenso plaasgevind.

# HOOFSTUK VIII

## VRYSTAATSE WESTERGRENSE.


Generaal Piet Cronjé het die opperbevel gevoer op Maersfontein, ook oor die Vrystaters, en nou sou De Wet onder hom oor die Vrystaters staan. De Wet het vir hom dadelik besig gehou met sy kommando's te besoek, en die posiesies waar hul lê, te inspekteer Meteens sien hy dat daar niks meer te doen is op Maersfontein nie. Die Engelse het vir hulle vasgegraaf, en dit het die Boere ook gedoen. En nou is daar van dag tot dag niks anders as 'n aanhoudende bombardement. Daar is getel geword dat daar op een dag op die Boere-stellinge geval het vier en vyf, tot vyftig, tot honderd granate. Een dag was daar vierhonderd-ses-en-dertig.

En dit moes die burgers nou maar lê en aansien, en verdra. En generaal De Wet, sonder hoop om iets te kan uitrig, moes elke dag op en af van die één end van die posiesies ry tot die ander. Dit kon tog so nie aanhou nie Die fatuiteit van oorlog so te voer, het hy meteens ingesien, en hy het die saak bespreek met generaal De la Rey, wat daar Veggeneraal was oor die Transvalers. Generaal De la Rey was, soos dit te dinke val, dit met hom eens dat daar iets uitgerig moes word. Toe het hierdie twee offisiers met die Opperbevelhebber die saak gaan bespreek, en voorgestel dat hulle met 'n mag van 1,500 man agter die

Engelse in, 'n inval in die Kaapkolonie sou doen, met die doel om hulle spoorwegkommunikasie te stoor, en ook om dit vir Roberts, wat met sy groot mag in aantog was, lastig te val. Hulle het dit ook aan Cronjé gesê dat die Engelse nou nie meer aanvalle sou doen nie, maar, sodra hulle sterk genoeg was, omtrek.

Voor wat De Wet en De la Rey aan die hand gegee het, het Cronjé geen oor gehad nie. Hoe ook die twee generaals geredeneer het, kon hul hom vir hulle sienswyse nie win nie. Hy het dit beslis verklaar dat hy 1,500 man uit die posiesies nie kon spaar nie Hy sou ook geen man laat gaan as die Regering nie sy plaas met 'n ander aanvul nie. De Wet het hieroor, wat vir hom lewenssaak was, so sterk gevoel, dat hy daaroor met die Regering in telegrafiese korrespondensie getree het, en die Regering was dit met hom eens, maar die onversetlike Cronjé het nou eenmaal hom beslis teen die idee uitgespreek, en. van wat De Wet en De la Rey voorgestel het, is daar niks tereggekom nie.

Ná die onderhoud met Cronjé, is De la Rey na Colesberg gestuur, en nou het De Wet niks anders te doen nie as om op en af te ry op sy posiesies, en dag aan dag na die klagtes te luister van sy burgers. Die manskappe het, soos dit kon verstaan word, aan demoraliseer geraak met die gedurige stil-lê en niksuitrig. Dan was daar ook iets anders wat teegewerk het om 'n Spartaanse gees in die burgers op te wek, en dit was dat dit aan vele van die burgers toegelaat was om hulle vroue met hulle in die laer te hê Generaal De Wet het dit voor die aandag van die Regering gebring. Maar wat hy ook hierin gedaan het, die gewenste uitwerking van sy pogings het hy



Huis van Generaal De Wet, Nuwejaarsfontein, deur homself gebou. Hier het hy in gewoon van 1885 tot 1896.

nie gesien nie. Die vroue het in die laer gebly, en dit het seker bygedra tot die onspoed wat in die ramp van Perdeberg sy toppunt bereik het.

Dit het nou nie lank geduur nie of Roberts is met sy groot strydmagte ook aan die Modderrivier, en wat De Wet voorsien het, het ook nou gebeur. Op 11 Februarie 1900 het daar van die Engelse laer 'n sterk mag, twaalf myle ten weste van die Boere-posiesies, uitgetrek, na Koedoesberg. Van hierdie omtrekkende beweging het genl. De Wet aan die Opperbevelhebber dadelik rapport gaan gee.

„Vat driehonderd-en-vyftig man en een kanon," sê genl. Cronjé, „en loop skiet die goed dood, en vang die ander."

De Wet het daarop opgeruk. Dit het hom geluk om die een helfte van die berg in besit te kry. Daar is nou geweldig geveg, maar De Wet kon, weens die ongunstige aard van die terrein, nie verder vorder nie as die punt wat hy ingeneem het. Nog die volgende dag het die stryd voortgeduur; maar op die oggend van die derde dag ontdek die Boere dat die Engelse terug was na hul hooflaer.

Twee dae daarna word dit gesien dat daar 'n beweging op seer grote skaal van die kant van die Engelse was—en hierdie keer in die rigting van Koffiefontein. De Wet het nou weer bevel van Cronjé, byna in dieselfde bewoording as vir 'n week gelede, om teen die Engelse uit te trek. Met vierhonderd-en-vyftig burgers, 'n Krupp, en 'n Maxim-Nordenfeldt, het hy toe opgeruk. Toe hy 'n halfuur weg is, bemerk hy dat hy met die hele mag van Roberts te doen het, maar wat vir hom veel ernstiger nog is as dit, is dat hy nou sien dat Cronjé in die grootste gevaar is om

vasgetrek te word. Daarop stuur hy deur Scheepers kennis van sy bevinding aan generaal Cronjé. Cronjé spot met die voorstel van De Wet: dat hy sy posiesies moes opgee en terugval.

„Is julle nou regtig met vrees bestorwe?" vra hy aan Scheepers. „Loop skiet die goed dood, en vang die ander."

Maar hy het nie lank so gedink nie. Spoedig blyk dit dat De Wet reg het. Al nader kom die groot troepemagte—in sulke getalle trek hul om hom, dat dit onmoontlik is vir Cronjé om die punte van die knyptang wat hom wil toeknyp, terug te skiet. Hy sien dat daar vir hom geen ander uitweg is nie. Sy stellinge op Maersfontein verlaat hy, en al vegtende retireer hy in die rigting van Perdeberg.

Intussen het De Wet gesien dat hy absoluut niks kon doen om Roberts in sy geweldige voortgang te stuit nie. Hy het dus by homself oorlê wat hy kon uitrig op 'n ander manier: hoe hy aan die vyand skade kon berokken. Die kans was daar. Die Engelse strydmag het vinnig vooruitgeruk, en het gou-gou hul walaer taamlik ver agtergelaat. Op die 19de sien De Wet dat hy nou iets kon waag, en hy val die walaer aan. Daar is 'n hewige teestand van 200 troepe, en die geveg duur tot die aand. Toe het De Wet 1,600 trekosse en enige krygsgevangenes in sy hande. Die volgende dag ontdek hy dat die laer verlaat is, en alles in sy hande—tweehonderd waens volgelaai met prowiand van allerhande soort.

Maar wat is daar nou 'n moeite om die walaer weg te kry!—en dit moet haastig geskied; want op enige oomblik kon daar 'n groot mag opdaag om die kommissariaat wat in sy hande geval is, weer in besit

te kry. 'n Moeite, ja, om alles weg te kry, want die Kafferdrywers en -leiers het gevlug, en niemand weet nou hoe om die verskillende spanne osse uit te ja en dan weer die osse op hulle plekke in te span nie—watter os moes nou voor en watter agter. Maar 'n boer kry sulke dinge gou reg; en so gaan dit nou ook. Die osse word ingespan en dit gaan daarmee sleg; maar na 'n paar skofte is alles agtermekaar. Die laer stuur De Wet nou weg in die regte rigting, en hy self ruk op met die meeste spoed na Cronjé.

Op weg na Perdeberg hoor hy die gedreun van die kanonne, wat al harder word hoe verder hy ry. In die namiddag kom hy op 'n punt uit, ten ooste van Perdeberg, en daar sien hy die laer van Cronjé op die regterwal van die Modderrivier—VASGEKEER! Die Boerelaer daar—'n handjievol vergelyk met die duisende van Roberts—is van alle kante omsingel Verskriklik word hul gebombardeer. Die groot granate vroetel die aarde om, en 'n donkerrooi stofwolk gaan daar van die laer omhoog.

Maar De Wet sien dat die saak tog nog nie hopeloos is nie as Cronjé sy walaer maar sal wil agterlaat en uitkom waar daar vir hom 'n kans sal gemaak word. Dit doen De Wet deur die Engelse uit sekere posiesies te dryf. Daar is also 'n opening vir Cronjé. Maar Cronjé doen dit nie om van die kans gebruik te maak nie. Sy walaer wil hy nou nie opgee nie. Maar die twede dag jaag kommandante Froneman en Potgieter met twintig man uit. Cronjé nie! Hy bly vir hom daar hopeloos verdedig. Dag aan dag is De Wet besig om die kans vir hom oop te hou—maar Cronjé en hy sien sake nie eenders in nie. Tog hou De Wet aan, totdat die vyand vir hom ook self begin te omsingel, en hy ook nou self gevaar

loop om vasgekeer te word. Hy moet sy posiesies verlaat, die Engelse neem dié in, en Cronjé is nou ingesluit, so, dat, na alle berekening, daar vir hom geen kans meer bestaan om uit te kom nie.

Tog wou generaal De Wet ook nou dit nie opgee nie. Dit is wat hy in sy boek sê wat hy gedaan het:

„Danie Theron, die alombekende en onvergeetlike kaptein van rapportryers, het met die versterking die vorige dag meegekom. Ek vra vir hom of hy nie 'n mondelinge rapport—'n skriftelike rapport het ek nie kon waag om in te stuur nie, omdat dit in die hande van die vyand sou kon val—na generaal Cronjé sou wil neem nie.

Die antwoord wat ek van 'n held soos Danie Theron kon verwag, het dadelik, fier en duidelik, geklink:

‚Ja, generaal, ek sal gaan!'

Dit was 'n waagstuk wat ek vir hom voorgestel het om te doen soos dit nie sou oortref word in ons hele bloedige stryd nie.

Ek neem hom toe alleen en sê vir hom dat hy aan generaal Cronjé moes gaan sê dat ons gehele saak daarvan afhang dat hy met sy duisende sou uitkom, en dat, as hy in die hande van die vyand sou val, dit ons dan 'n nekslag sou gee. Ek het toe vir hom aangedui hoe hy sou kan uitkom. Hy sou sy laer, met alles daarin, in die steek moet laat, en in die nag deurveg waar ek hom op sekere plekke op twee punte tegemoet sou kom, en van waar ek dan die Engelse sou verhinder om vir hom te agtervolg....

Danie Theron het van my gegaan in die nag van 25 Februarie.

Die volgende nag het ek gegaan waar ek genl Cronjé bestel het, dog, tot my grote teleurstellıng, het hy nie opgedaag nie.

Op die môre van 27 Februarie was Danie Theron weer by my. Hy het tussen die wagte van die Engelse deurgekruip, heen en terug. Sy broek was aan flenters geskeur met die kruip, ja, dıe bloed het van altwee kniee geloop, waar dıe vel van afgeskaaf was. Hy het vir my vertel dat hy die generaal gesien het, maar dat hy geantwoord het dat hy geen goed kon sien in die plan wat ek voorgestel het nie.

Om tienuur op dieselfde dag het generaal Cronjé vir hom oorgegee."

Generaal De Wet het verder vertel dat geen pen dit kon beskryf nie wat daar in sy hart omgegaan het toe hy dit moes aanskou dat Cronjé gekapituleer het, en toe hy ook merk wat die uitwerkıng dadelık was op die burgers. Almal was as met een enkele slag ın die diepste moedeloosheid neergewerp. En hierdıe verslaenheid sou deurwerk, soos dit later geblyk het, tot die einde van die oorlog.

## HOOFSTUK IX.

### BLOEMFONTEIN INGENEEM.

Ná die oorgawe van generaal Cronjé, het die President vir generaal De Wet as Hoofkommandant aangestel. Hy het nou al die kommandantskappe van die Vrystaat in die weste onder hom. Op Modderrivierspoort—Poplar-Grove—byna twee uur te perd ten ooste van waar Cronjé vir hom oorgegee het, het hy die Vrystaatse strydmagte gekonsentreer. Gelukkig het hy hiervoor enige dae tot sy beskikking gehad, want Roberts het vir 'n tyd geen beweginge gemaak nie. Die Engelse mag is toe na Koedoesrand, omtrent ses uur van waar De Wet met sy burgers lê. Maar hulle het daar nie lank gelê nie: Roberts het weer 'n grote omsingelende beweging begin maak.

Dit was juis nou dat president Kruger met Abraham Fischer by De Wet met 'n perdewaentjie aangekom het. Sy doel was om die laers te besoek. Maar daar was juis op dié oomblik gevaar om vasgekeer te word deur die Engelse.

„President, u kan nie eens uitspan nie," sê generaal De Wet aan die ou Staatsman.

Onverskrokke antwoord die President „Ek moet tog my perde 'n oomblik laat aftui."

Dit was ook vir die diere nodig, want hulle was al lank in die tuig gewees. Daarop het generaal De Wet order gegee dat sy burgers net vir 'n oomblik sou uitspan. Dit is gedaan; en die President moes maar weer terug.

De Wet is ook dadelik op sy perd. Hy ry op en af op sy stellinge, maar hy vind dat die burgers die laaste een die posiesies verlaat het—so groot was die vrees wat hulle bevang het ná die oorgawe van Cronjé Demoralisasie was ingetree: „'n Skrik het op hul geval," en die vyand moes maar net te voorskyn kom om, soos De Wet dit uitgedruk het, die teken te wees van „'n wilde vlug." Wat hy ook gedaan het, hoe sy offisiere hom ook hierin bygestaan het, niks wou help nie.

Dit was nodig dat Bloemfontein in behoorlike staat van verdediging sou gebring word, en De Wet het nou vir 'n kort tydjie van sy kommando's gegaan om te sien dat dit gedaan sou word. Hy het loopgrawe en skanse laat maak op die rande aan die weste- en oostekant van die stad; en toe is hy terug.

In sy afwesigheid het generaal De la Rey die Engelse op Abrahamskraal teruggeslaan, en later ook op Rietfontein. Dit was pragtig gewees om te sien hoe dapper die Transvalers en gedeeltes van die Vrystaters daar geveg het. Die burgers het hulle stellinge behou. Maar hoe hy kom, weet niemand—die gees wat so geheimsinnig besit neem van die mens. In die aand val die vrees weer op elkeen. Dit is heeltemal anders met dieselfde dappere manne. Daar verlaat hulle hul posiesies: die skrik het vir hulle weer in sy mag.

Daar was nou niks anders oor as om voor die Engelse te wyk nie. Bowendien was daar op die kaal vlaktes geen gedagte om met die oorweldigende oormagte van Engelse slaags te word nie. So trek dan die kommando's van die twee generaals voort, sonder na die kans te soek, sonder selfs na die geleentheid te verlang, om tot 'n tref met die vyand te kom Ja, tog op die

randjies naby Kaalspruit was daar 'n klein botsinkie—maar dit het nie veel beteken nie. Dit sou wel beter gaan op Bloemfontein, het generaal De Wet gedink: Daar sou elke man staan vir die behoud van die hoofstad!

Die burgers neem posiesie in op die randjies.

Maar hulle is totaal gedemoraliseer. Toe die eerste granate begin te val, verlaat nou die een dan die ander kommandantskap sy stelling. Bloemfontein is deur Roberts ingeneem, soos De Wet dit in sy boek sê, byna sonder 'n skot te skiet.

De Wet het op die koppe gegaan aan die noordweste van die stad, en daarvandaan het hy aanskou hoe die vyand in die stad instroom. Hy het dié dag genoem die swartste dag van sy lewe.

Toe keer hy om. Hy rig sy aangesig na die ooste. Hy kan die gedagte nie verdra nie dat die hoofstad van sy volk deur die vyand ingeneem is. Dis asof 'n golf van onuitspreeklike smart oor hom gaan.

Maar hopeloos word—nee! Hy sou Christiaan de Wet nie wees nie as hy sou wanhoop. En nou sal hy die moed ook nie opgee nie—ook nou nie, in die haglikste oomblik van sy lewe. En van nou af het Christiaan de Wet eintlik groot geword.

Hy draai hom nou om tot nuwe gedagtes en nuwe planne. Hy sal sien wat hy nog sal kan doen met die ontsenude kommando's, wat deur die vluggees gedemoraliseer is. Hy sal hul nou weer bymekaarbring. Maar wat moet hy sien? Hoe hy al getuie is gewees van die demoralisasie, het hy nie gedink dat dit so fataal was as wat hy nou moet aansien nie:



Christiaan de Wet, begin van die Oorlog 1899—1902.

Daar waar hy van die kop afdaal, merk hy dit op, dat die burgers by klompies ooswaarts of suidwaarts wegtrek, na die gedeeltes van die land waar hulle distrikte lê, en die Transvalers almal in die rigting van hul land. Hy sien dit duidelik. Dis sonder twyfel dat dit nou „huis-toe" is.

„Jaag," sê hy aan sy adjutante, „jaag na die mense toe, en sê vir hulle om op Modderrivier bymekaar te kom, en as julle die burgers nie kan keer nie, sê dan vir die offisiere dat ek hulle daar bestel."

Dit was ook net die offisiere wat generaal De Wet op die Glen, aan die Modderrivier, bymekaargekry het. Hy sien nou in dat op hierdie oomblik daar geen mag in die wêreld is wat die burgers van die skrik wat op hulle geval het, sal kan red nie. Maar hy glo aan die helende hand van die tyd! Die gedagte word in hom gebore dat as hy aan die burgers 'n tydjie van rus nou sal gee, hulle dan tot verhaal sal kom, en weer die wapen teen die vyand kan hanteer. Hy het toe daar aan die Modderrivier aan die offisiere bevel gegee om die manskappe af te dank, en hulle te bestel om almal weer bymekaar te kom op 25 Maart by die spoorwegbrug van Sandrivier.

## HOOFSTUK X.

---

### SANNASPOS.

President Steyn het die dag voor die inneem van Bloemfontein die stad verlaat, en het die setel van die Regering op Kroonstad gaan vestig.

Nadat De Wet sy bevele aan die offisiere aan die Modderrivier gegee het, is hy Brandfort-toe, om daarvandaan na president Steyn te gaan op Kroonstad, sodat hy die toestand met hom sou kan bespreek. Toe hy 'n entjie van Brandfort was, ontmoet hy 'n trein. Daarop was komdt.-generaal Piet Joubert. Aan hom het De Wet nou alles meegedeel wat daar plaasgevind het.

Toe vra generaal Joubert hom waar sy burgers is. En De Wet vertel hom hoedat hy hulle afgedank het tot die 25ste Maart Generaal Joubert was hiermee nie tevrede nie.

„U kan nie met onwillige honde 'n haas vang nie," sê De Wet daarop aan die Kommandant-Generaal van die Transvaal. „Keer kon ek die burgers nie. U ken die Afrikaner langer as ek, Generaal. Ek kon niks anders doen as hulle afdank nie, en vir hulle 'n tydjie verlof gee. Nou is daar 'n kans dat ek my burgers op 25 Maart aan Sandrivier weer terug sal hê."

„Ons saak is verlore!" sê generaal Joubert daarop

Op die 20ste Maart het generaal De Wet 'n krygsraadvergadering bygewoon op Kroonstad, waarvan president Steyn voorsitter was. Ook was president Kruger teenwoordig. Daar is op die vergadering besluit om kragdadig met die stryd voort te gaan. Iets anders, wat as radikaal moes beskou word, is toe ook daar bepaal—en dit was om die walaers af te skaf, en alleen met perdekommando's in die toekoms te opereer. Hierdie laaste besluit is geneem veral op die kragtige aandrang van generaal De Wet.

De Wet het nou ook geleentheid gehad om vir 'n paar dae na sy huis te gaan. Daar het hy toe gevind dat hy, sedert sy vertrek in Oktober van die vorige jaar, 'n dogtertjie ryker geword het; en dat dit nog met sy vrou en kinders goed gaan. Toe is hy na Sandrivier, om op sy terugkerende burgers te wag.

Op 25 Maart was die burgers werklik terug. In groot getalle het hul weer byeengekom. Ook enige dae daarna het hulle aangehou om tot hom toe te stroom, en hy het verklaar dat dit in sulke groot getalle was, dat dit sy verwagting ver te bowe gegaan het

De Wet was nou vas beslote om die dissipliene in sy kommando's strenger te handhaaf as dit totnogtoe die geval was; en een van die dinge wat hy vir hom voorgeneem het, was om in die toekoms sy krygsplanne aan die burgers nie mee te deel nie. Dit het hy al op die aand van 28 Maart gedoen, toe hy uittrek van Brandfort met die doel om die garnisoen op Sannaspos, aan die Modderrivier, aan te val, en die water waarmee Bloemfontein uit die „waterwerke" daar voorsien word, af te sny. Hy het toe nie in die rigting van Bloemfontein getrek nie, maar van Winburg.

Toe hy 'n ent weg was, kry hy berig dat die Engelse generaal Broadwood van Ladybrand deur

generaal Olivier verdryf en dat hy in die rigting van Ladybrand aan terugwyk was. De Wet het toe 'n elfhonderd man onder generaals A. P. Cronjé, Piet de Wet, Froneman en Wessels gestuur om die volgende dag vroeg die Engelse wat by die stasiegeboue by Sannaspos hul garnisoen gevestig het, te bombardeer en Broadwood tee te hou, terwyl hy in Koringspruit by Sannaspos die vlugtende Engelse uit die garnisoen sou ontmoet.

Die Kommandant van Winburg, onder wie die Senekallers was, het nou groot moeite aan generaal De Wet gegee. Hy wou nie saam optrek nie. Hy het beweer dat hy die rapport van die spioene nie vertrou nie, en hy wou nou eers self die posiesies gaan verken voordat hy sou meedoen. Generaal De Wet het hom eers verdra, maar naderhand raak sy geduld op. Hy het toe aan die kommandant gesê dat as hy sy bevele nie wil gehoorsaam nie, dat hy dan sou moet bedank, anders sou hy ontslaan word. Die kommandant het toe dadelik sy bedanking uitgeskryf. Daar was nou geen tyd om 'n plaasvervanger op die gewone manier te kies nie, en generaal De Wet het die veldkornet, Gert van der Merwe, as waarnemende kommandant aangestel. Toe teen sononder die bevel gegee is om op te saal, was die Senekallers sonder hul kommandant. Hulle trek ook nou party vir hom, en was net so dwars as hul voorman. Die voorste kommando's het opgesaal en weggetrek, maar die perde van die Senekalse burgers loop nog oor die vlaktes versprei Daar kom generaal De Wet aangery van die voorpunt, en hy roep die burgers bymekaar. Hy bly sit op sy perd, en die burgers kom voor hom staan. Hy is woedend kwaad. Hy byt op sy tande. Deur sy tande kom die woorde sissend. Hy spreek van hulle kommandant en sê dat as hy hom in die hande kry, sou

hy hom kan doodskiet. Daarna word hy kalmer, en eindelik haal hy sy hoed af. „Kom ons bid," sê hy. Wat 'n gebed was dit uit die mond van dié man, daar op die perd! Dit roer elkeen tot op die bodem van sy wese. Elkeen voel dat die hare op sy hoof rys. Kort is die gebed. Die burgers weet nie hoe hulle dit het nie.

Generaal De Wet sit sy hoed op sy hoof, en hy ry weg sonder 'n woord meer te sê.

En die manskappe daar? Klompiesgewys gaan hulle hul perde vang, en spoedig is elke man in die saal, en met die ander kommando's trek hulle die nag deur. Nie onder die swakstes was hulle die volgende dag in die slag van Sannaspos nie.

De Wet het dit nie geweet nie dat Broadwood, in plaas van op Thaba 'Nchu te bly, soos dit verwag was, in die nag deurgekom het na die „Waterwerke." Hy moes dit dan uitvind die volgende môre in Koringspruit, waar hy posiesie geneem het, dat dit nie A. P. Cronjé en die ander generaals was wat in die eerste plaas met Broadwood sou te doen hê nie, maar hy.

Die Engelse weet daar niks van dat De Wet en sy manskappe in die spruit lê nie. Toe daar nou deur die kanonne op Sannaspos begin gevuur te word, is daar 'n vlug na Bloemfontein met die pad wat met die drif deur die spruit gaan waar De Wet verberg is. In die spruit kom die soldate, en word in stilte gevang en ontwapen en daar gehou, totdat daar 'n 200 in die hande is. Daar word dit deur die Engelse ontdek dat daar onraad is. Een van die offisiere gee bevel dat die troepe terug moet gaan na die stasie-

geboue. Met die retireer is hul geweldig geskiet. Maar toe hul by die stasie kom, stook hulle weer die burgers en bombardeer geweldig op die posiesies van De Wet.

Intussen snel die elfhonderd-en-vyftig man onder die vier generaals toe om Broadwood van agter aan te val; maar hulle vind die water van die rivier opgedam, en hulle kan nie deur nie. Toe moet hulle met 'n ompad gaan tot waar hulle by 'n drif deur kon kom, onder die damwal. Dit duur drie ure voordat hulle bykom, en in die tussentyd moet De Wet met die ongelyke stryd aanhou. Toe die versterking opdaag, is Broadwood verplig om sy posiesie op te gee, en regs en links van De Wet se posiesie in die spruit vlug sy troepe verby na Bloemfontein.

De Wet het 480 krygsgevangenes geneem. Ook het hy sewe kanonne en 117 waens in besit gekry.

Nie lank na Sannaspos nie het De Wet 470 Engelse soldate naby Reddersburg gevange geneem.

Teen die tienduisende van Roberts was De Wet nie in staat om op te tree nie. Wie kan dit nie verstaan nie dat daar geen kwessie was om daaraan te dink om 'n groot slag te lewer nie? Nee, iets anders was dit waarop hy vir hom toegelê het—en dit was, soos hy in sy boek sê, om die vyand in oorleg te oortref. En dit moes hy doen deur rad te wees—rad om te verken, rad om te veg, rad, as dit nodig was, ook om te vlug. En om rad te wees—om op die oomblik te weet wat om te doen, het Christiaan de Wet syns gelyke nie gehad nie.

Dit was in hierdie tyd dat De Wet burgers wat huis-toe gegaan het, weer in sy kommando's opgeneem het. Op een keer het daar, in 'n paar dae, in die

omtrek van Bloemfontein, Dewetsdorp en Reddersburg, ongeveer 500 man aangesluit. Lord Roberts het begin onder die burgers gevangenes te neem terwyl hulle op hul plase rustig woon. Die burgers het so gesien dat hulle op die woord van die Engelse bevelhebber nie kon vertrou nie waar hy aan hulle beloof het dat as hulle stil op hulle plase sou bly, daar niks aan hul sou gedaan word nie. Toe die vangs van die Boere begin, het hulle weer by die kommando's aangesluit, en De Wet het in 'n rapport aan president Steyn gemeld dat hy nooit 'n beter kommandeeroffisier gehad het as lord Roberts nie.

De Wet het meer as twee weke lank die „Cape Mounted Rifles" en die „Brabant's Horse" naby Jammersberg vasgekeer. Hy het veel van hulle perde en trekosse afgeneem; maar dit was nie wenslik om hulle in hul posiesies te bestorm nie, omdat dit te veel lewens sou gekos het. Toe daar, ten laaste, groot magte van versterkinge in aantog was, moes hy die beleering opgee, en het hy in die rigting van Thaba 'Nchu getrek.

## HOOFSTUK XI.

---

### ROOIWAL.

Dit is nou teen die einde van April 1900, en Roberts het al begin om sy duisende die land deur te stuur. Hy met sy hoofmag was aan optrek na Kroonstad. Generaal De Wet was van plan om niks anders te doen nie as om die Engelse bevelhebber van agter te teister. Hy het dit aan president Steyn meegedeel. Daaromtrent het die President gedink dat hy dit liewer nie moes doen nie—maar dit het hy as sy mening uitgespreek, nie omdat hy die idee van genl. De Wet nie voortreflik gevind het nie, maar omdat hy die vermoeding gehad het dat die Transvalers onder die indruk sou kan kom dat die Vrystaters, nou dat die vyand al nader aan die Suid-Afrikaanse Republiek kom, vir die Transvaal nie met alle krag bystaan nie. Uit hierdie moeilikheid is die President gered deur 'n verstandhouding waartoe daar byna onmiddellik daarna gekom is tussen die Regeringe van die Oranje-Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Republiek dat die kommando's van Transvaal in hulle eie land sou gaan opereer, terwyl die Vrystaters ten suide van die Vaalrivier werksaam sou wees. Nou kon De Wet opereer soos hy oortuig was dat dit die beste was, om die Engelse in hul agterhoede dit lastig te maak. Toe Roberts Kroonstad nader, het president Steyn en die Regering na Heilbron gegaan.



**OU BOME OP NUWEJAARSFONTEIN:**

DIé WAT REGS STAAN, IS DEUR DIE VADER VAN GENL. DE WET, DIé WAT LINKS STAAN, DEUR HOMSELF GEPLANT.

Intussen was daar gevegte op verskillende plase tussen die Boere en die kolomme wat Roberts in suidoostelike rigtinge uitgestuur het. Generaal De Villiers het pragtige werk gedaan aan Goewerneurskop, Wonderkop en Biddulphsberg. Hy is swaar gewond geword, en is ook aan sy wonde later besweke. Ook is daar gevegte gewees by Lindley, waar Piet de Wet die Yeomanry op 31 Mei 'n gevoelige slag besorg het.

Middelerwyl het generaal De Wet goed laat verken. Van sy spioene het hy verneem teen die einde van Mei dat die Engelse enorme hoeveelhede van ammuniesie en voorraad aan die spoorwegstasie Rooiwal afgelaai het. Dit kon vereers nie verder vervoer word nie, omdat die spoorwegbrûe na die Transvaal opgeblaas was, en die vyand besig was om dié te repareer. By De Wet het nou die gedagte opgekom om die groot voorraad in hande te kry, daarvan te gebruik, en wat hy nie kon gebruik nie, te vernietig.

Op weg daarheen, 5 Junie, het hy 'n konvooi van 200 Hooglanders met 56 waens gevange geneem.

Die volgende aand het hy generaal Froneman gestuur met 300 man en twee stukke na 'n kamp ten noorde van Rooiwal, en kommandant Steenkamp met 300 man en een kanon om Vredefort-spoorwegstasie aan te val Hy self het Rooiwal genader met taggentig man en een Krupp.

Dit was nog lank voor dag dat hy tot op 800 tree van die stasie gehalt het. Hy het die kanon laat regtrek, en gewag vir die dag om te breek.

Kort nadat dit begin te lig, het hy 'n man met 'n wit vlag na die Engelse gestuur, en aan hulle gesê dat hulle, om bloedvergieting te voorkom, vir hulle

moes oorgee. Die antwoord was kort en bondig dat dit die minste van hul gedagte was om dit te doen. Daarop volg daar 'n geweldige vuur, nie alleen van kleingewere nie, maar ook van die kanon. Die burgers, egter, het baie slegte skuiling. Dit was maar 'n klein vlak pannetjie waar hulle hul bevind, en elke man moes plat op die grond lê. Maar dit kon die artilleriste by hul Krupp nie doen nie. De Wet het toe order gegee dat hulle met die kanon moes wegry tot op 3,000 tree, en daarvandaan skiet; en, wonderlik om te vertel, kaptein Muller het met sy stuk weggekom sonder letsel aan man of perd. Toe het hy op die aangegewe distansie die Engelse gebombardeer.

Om twaalfuur het genl. Froneman tot versterking bygekom, en die Engelse van twee kante bestook. Teen 'n vuur so van drie kante was die vyand nie bestand nie, en na nog 'n uur het hy hom oorgegee.

Wat 'n mag van prowiand en ammuniesie was daar!

Hoe walle het die Engelse opgestapel van goedere om vir hulle as skanse te dien—hoe walle van bale met klere, en stewels, en saals, en komberse, possakke en mondproviesie. Dan was daar nog ook groot hoeveelhede van byna alles wat 'n mens hom kon bedink as nodig in die oorlog, op die spoorwegwaens: honderde van kiste van patrone, ook granate van allerhande groottes—ja, tot die geweldige skeepskanonbomme waarmee Roberts Pretoria wou gaan plat skiet.

Die burgers het geneem wat hul wou en wat hul kon. Selfs aan die soldate is dit toegelaat om hulle ten goede te doen. Natuurlik! Wie sou aan die arme Tommy so 'n buitekansie nie gun nie! Toe die veldkornet die krygsgevangenes moes wegvoer, het hy amper nie geweet hoe hy hulle kon wegkry van die

buit nie; en toe hul op die mars was, het hulle swaar onder hulle groot pakke gedra. Dié moes ligter gemaak word; en streep, streep het die pad vol gelê met die goed wat hul nie verder kon meeneem nie.

Genl. De Wet het toe so veel van die ammuniesie en voorraad as hy kon, geneem. Die ammuniesie het hy by 'n drif van die rivier, nie ver daarvandaan nie, begrawe, en toe osse daaroor heen en weer laat loop, totdat daar geen spoor was van die plek waar dit weggebêre was nie. 'n Tyd daarna het hy in die stilte van die nag met ses bokwaens die ammuniesie laat opgraaf. Hy het dit laat wegsteek in 'n klipgrot op die plaas van genl. Wessel Wessels; en, in die latere stadiee van die oorlog, toe ons mense byna almal met Lee-Metfords wat van die Engelse geneem is, gewapend was, het hy gedurig van die ammuniesie laat haal.

Van die orige ammuniesie daar op Rooiwal en van al die ander goed op die stasie het hy vyftien groot hope laat maak om aan brand te steek. Haastig het die manne wat dit moes doen, hulle van hulle taak moes kwyt. Hul het die vuur ingesteek, en toe op hulle perde gespring en weggery. Niks te gou was dit, want op 1,500 tree hoor hulle die eerste bomme ontplof. Dit is die beskrywing wat generaal De Wet daarvan gee:—

„Dit was die fraaiste vuurwerk wat 'n mens vir hom kon voorstel, en in die donkere nag was die skouspel nog meer indrukwekkend. Tussen die harde gebulder van die groot bomme, kon 'n mens die sagtere klanke hoor van die ontploffende hope van kordiet; maar die pragtigste van alles was die veelkleurige ligte wat hoog in die swart lug geskitter het."

Froneman het 500 krygsgevangenes geneem, en Steenkamp 38. Saam met dié van generaal De Wet was dit 800.

Die ellende van mevr. De Wet het nou begin. Haar man het haar af en toe 'n besoek gebring, en haar raad gegee van die rigting wat sy moes inslaan in geval dat sy voor die Engelse sou moet padgee. Toe Roberts nou Kroonstad bereik, het sy vir haar op die vlug begeef. Sy het so veel goed as sy kon, op waens gelaai; en met twee van haar skoonsusters is sy tot na Frankfort gegaan, met die doel om as die Engelse verby was, na haar woning terug te keer. Sy is ook terug—maar nie na haar huis nie. Die woning sou sy nooit weer bewoon nie! Sy het 'n entjie van Rooipoort in die waens gebly, want haar huis was oopgebreek en alles geplunder. Die mielies was weggevoer, en van haar pluimvee was daar niks oorgebly nie.

Die nag ná die slag van Rooiwal is sy oor Rooipoort weer op die vlug gegaan; en twee dae daarna is sy met Renosterrivier af, na Vredefort se kant toe, na die plaas van Berend Pretorius by die Wit Koppe. Daar het sy 'n paar maande gewoon in 'n huisie van Pretorius.

Gedurende tien dae ná Rooiwal het generaal De Wet te doen gehad met groot getalle van Engelse wat teen hom van Kroonstad uitgetrek het. Dié troepemagte kon hy natuurlik nie bestry nie, en hy moes maar sorg dat hy uit die hande gebly het. Verder het hy hom besig gehou met die spoor onophoudelik te breek, en die vyand lastig te val.

Ná dié tien dae is hy na Lindley, om te sien of hy die dorp nie kon inneem nie; want dié was in die hande van die Engelse geval nadat generaal Piet

ae Wet met die Yeomanry in die omtrek te doen gehad het. Dit kon hy egter nie tot werklikheid bring nie, omdat daar 'n sterk mag van Engelse opgeruk het uit Kroonstad, en dié het nie alleen 'n aanval op die dorp verhinder nie, maar hom ook gevoeg by die ander Engelse wat in Lindley was.

Daar is nou iets gebeur van die kant van twee, drie offisiere wat aan De Wet groot ergernis gegee het Hulle het, nl., die vraag geopper, of hy as wettige hoofkommandant kon erken word, daar hy nie deur die ander offisiere gekies was tot dié waardigheid nie, maar daarin aangestel was deur die President (Die President het volkome volgens die bepaling van die Volksraad gehandel) Hoewel De Wet geweet het dat daar maar weinige was wat ontevrede was, wou hy nie 'n pos só beklee, dat daar selfs die skyn sou wees dat hy daarin nie wettig gestaan het nie. Hy het daarom tot twee male toe aan die President getelegrafeer, hom vraende om 'n kiesing toe te laat Soos te dinke val, het die President geweier om so 'n kiesing toe te laat. „Ek het toe," sê generaal De Wet in sy boek, „die stout skoene aangetrek en stilweg die offisiere byeengeroep om 'n vergadering te hou, sodat ek sou kan weet hoe hulle teen my, as hoof van die Vrystaatse leer, gesind was. Vas was ek beslote dat, as die meerderheid van die offisiere teen my sou wees, ek dan as hoofkommandant sou aftree."

Die uitslag van die stemming was dat 26 offisiere vir hom gestem het. Die ses orige stemme was verdeel onder drie ander generaals. Hy het hiervan aan die President kennis gegee, en die President het daarin berus.

Dit het nou geblyk dat dit die doel van die Engelse was om Bethlehem in te neem. De Wet het omtrent 5,300 manskappe by hom, en hy het besluit om Bethlehem te verdedig. Hy het daar toe posiesies laat inneem op die randjies en koppe aan die suide, weste en noordweste van die dorp. Met 'n groot, oorweldigende oormag het die Engelse opgetrek. Daar was, so is aan generaal De Wet gerapporteer, vier of vyf generaals wat aan die ekspediesie deelgeneem het. Dit het begin met 'n geweldige bombardement op die Boereposiesies. Verskriklik was dit om te sien hoe die ontsaglike liddiet-bomme op die rande gebars het. Generaal De Wet maak daar melding van dat een van die granate vyf-en-twintig perde meteens gedood het. Die burgers het vir hulle dapper verdedig, en gedurig, as die troepe nader, vir hulle hewig beskiet. Maar teen die oormag was De Wet met sy manskappe nie bestand nie: hulle moes wyk, en die Engelse het Bethlehem ingetrek.

## HOOFSTUK XII.

### BOSVELD-TOE.

Die Boere het ná die inneem van Bethlehem na die Rooiberge gewyk. Die berge is die groot gevaarte ten suide van die dorp. De Wet het dit dadelik ingesien dat niks noodlottiger kon wees nie as dat die kommando's agter die Rooiberge sou terugval. Die Engelse sou dan die bergpasse in besit neem, en daar sou aan alle teestand van die Boere 'n end wees. Toe daar dan voorgestel was dat daar posiesies sou ingeneem word op die bergpasse, het hy met alle mag dit teegestaan en verklaar dat, instede van tot die berge die toevlug te neem, die kommando's almal, en dit ook sonder versuim, van die berge moes wegtrek. Ander offisiere was ook van dieselfde sienswyse, en daar is toe besluit geword dat die gehele strydmag sou verdeel word in drie:


Eén deel sou onder hom staan, en in die rigting van Kroonstad en Heilbron optrek. Die President sou onder sy beskerming wees; 'n ander onder genl. Paul Roux, wat tot assistent-hoofkommandant aangestel was; generaals P. J. Fourie en Froneman sou in die rigting van Bloemfontein opruk, en van daar suidwaarts, om die burgers wat daar agtergebly het, weer onder die wapen te bring; die derde deel sou onder generaal Crowther ten noorde van Bethlehem uittrek, die kommando's van Harrismith en Vrede

ontmoet, en werksaam wees in die noordoostelike distrikte. Die graandistrikte in die suide van die Vrystaat, en die vee wat agter die berge was, sou aan genl. M. Prinsloo (wat nie meer die betrekking van hoofkommandant beklee het nie) vir beskerming opgedra wees. Daar sou onder hom nie meer wees as 'n wag nie—en dié sou moet patrolleer van Noupoort tot Kommandonek. Die gedagte van De Wet was ook dat die wag die aandag vereers van die Engelse sou aftrek, sodat die ander afdelinge eers 'n bietjie uit die hande kon kom.

Daar is toe verder ooreengekom dat hy op die 15de Julie sou wegtrek van Slabbertsnek, en dat die ander kommando's die dag daarna sou gaan in die aangewese rigtinge.

Hy is dan ook in die nag van 15 Julie van die Rooiberge weg. Jammer dat dit nie bepaal was dat die ander kommando's sou uittrek voordat hy dit gedaan het nie; want daar is, dadelik ná sy vertrek, 'n ongelukkige gees gebore onder die offisiere wat agtergebly het, wat die oorsaak was dat van die reelinge niks tereggekom het nie: hulle het nie uitgetrek nie, en op 29 Julie het plaasgevind wat, naas die ramp aan Perdeberg, moet opgeteken staan in die geskiedenis van die oorlog as die mees ontmoedigende onheil wat die Republieke getref het—die onvoorwaardelike oorgawe van Marthinus Prinsloo.

De Wet het van Slabbertsnek een van die merkwaardigste togte volbring wat daar ooit deur 'n leier uitgevoer is. Dit was sy beroemde terugtog voor die groot oormag van die Engelse generaal Broadwood, deur die Vrystaat, oor die Vaalrivier, tot in die Bosveld in die Transvaal. Dit was 'n trek in die barre koue van die winter, met maer perde en trekosse



Christiaan de Wet op sy perd Fleur.

—want hy het nou 'n walaer gehad, wat tot stand gekom het ten spyte van die verbod van die Regering aan Sandrivier. Hy het dié walaer elke maal uit die grootste gevaar gered, en sy hele kommando het hy so bestuur, dat daar geen enkel man gevange geneem is nie.

De Wet het op hierdie tog getoon dat hy 'n meester was in die verkenningskuns. Dit het soms gebeur dat sy vervolgers hom tevergeefs in die môre gesoek het waar hy vir hulle die vorige aand in die waan gebring het dat hulle vir hom sou vind. By tye was dit onbegryplik hoedat dit kon gebeur dat hy ontwyk het toe dit vir die Engelse generaal maar 'n kwessie van enige ure was om hom as sy prooi te gryp.

Hy is van Lindley aan die ooste verby. Die Engelse het dit spoedig te wete gekom dat hy van die Rooiberge weg was. Noordwes van Lindley bevind hy hom toe hy bemerk dat 'n sterk mag van perderuiters op sy spoor is. Hy moes toe vinnig vooruit; en op 19 Julie was hy op die plaas Perdekraal.

Die volgende dag het die wee van Christiaan en Piet de Wet uitmekaargegaan. Treurig is dit om hieraan te dink. Piet de Wet, tog, was 'n bekwame offisier gewees. Hy het aan die vaderland groot dienste bewys, en 'n skitterende loopbaan het hy gehad. As hy maar volhard het, dan sou sy naam byna in een asem genoem gewees het met dié van sy beroemde broer. Tragies dat alles moes uitloop soos dit die geval was.

Laat Christiaan de Wet van die breuk vertel in sy eie kort, kernagtige styl:—

„Ons het geleentheid gehad (dit was op 20 Julie 1900) om die uitnodiging aan te neem van die heer

C. Wessels om aan sy huis die môre-ete te geniet. Daar kom generaal Piet de Wet by my en hy vra my of ek nog kans sien om met veg aan te hou.

Ek erg my op die plek, en kyk hom aan. ,Is jy gek?' roep ek uit.

Ek teken die woorde aan wat ek gebruik het As ek dit nie doen nie, sou dit van my oneerlik wees. Toe keer ek my om en gaan in die huis, nie wetende dat Piet de Wet daar op die oomblik wegry en sy eie koers nou gaan neem nie"

Toe generaal De Wet om twaalfuur die laer bereik, hoor hy van sy seuns dat sy broer Piet aan hulle gesê het dat hulle almal die nag op die spoor deur die Engelse sou gevang word.

Toe dit donker word, trek generaal De Wet, met die sware las van die walaer, op na die spoor. Hy laat vir kaptein Danie Theron agter en kaptein Scheepers voor die kommando verken. Die waens gee hy bevel om in vier lang rye langs mekaar te trek, terwyl die burgers te perd aan elke sy van die waens en 'n klompie voor en agter ry. Daar gebeur geen ongeluk nie, en hy kom veilig oor.

Danie Theron het in dieselfde nag 'n trein gestop, wat van die suide noordwaarts gaan, en generaal De Wet het droog die opmerking gemaak dat in plaas dat die Boere deur die Engelse op die spoor gevang was, soos sy broer Piet voorspel het, was dit die Boere wat daar 'n trein bemagtig het.

Tot sy leedwese moes De Wet dit nou bemerk dat die waens wat vir hom tot so veel onlas was, nou nie nuttig in beslag kon geneem word nie. Hulle was te ver vooruit, anders het hy 'n grote voorraad ammuniesie kan opgelaai het wat op die trein was. Hy het

nou maar weer hier soos op Rooiwal alles aan die vlamme ten prooi gegee.

Na die plaas Vlakkuil, naby Vredefort, is hy toe verder voort. Daar kon hy 'n weinig rus—maar ook net maar 'n kort wyle. Die volgende dag het 'n geveg plaasgevind met 'n Engelse mag. De Wet moes, egter, die stryd opgee toe daar 'n versterking opgedaag het.

Die grootste moeilikhede van De Wet het nou begin. In altyd aanwassende getalle het die Engelse agter hom saamgedring. Dit was vir hom, as hy aan sy burgers dink in vergelyking met die oormag van die vyand, of hulle in niet versink.

En nou kom hy van aangesig tot aangesig voor 'n groot moeilikheid. Hy is tot aan die Vaalrivier genader, en hy ontdek dat daar Engelse troepe is, wat ook uit Potchefstroom teen hom aan uittrek is. Met sy vervolgers agter hom, vorm hierdie troepe nou 'n magtige halfsirkel, wat hom dreig te omsingel. Hy sien nou dat daar vir hom net maar een van twee dinge te doen is: al die waens agter te laat, en 'n pad deur die Engelse kordon te slaan, of deur die Vaalrivier, die Transvaal in, te trek. Maar die waens agter te laat—daartoe het selfs Christiaan de Wet, watter krag hy ook uitoefen, geen mag. Die burger sou sy wa of sy karretjie en sy osse nooit agterlaat nie. Hy sou aan dié besitting vashou totdat dit van hom deur geweld afgeneem sou word. Daar bly nou dan net één weg oor: De Wet moet Transvaal-in. Die burgers sou daar nie onwelkom wees nie—verre daarvandaan—maar hulle sou tog liewer op hul eie grondgebied bly.

Dit was hier dat generaal De Wet, tot oormaat van ellende, soos hy dit uitgedruk het, 'n bittere kelk

moes ledig. Op 2 Augustus het hy van generaal Marthinus Prinsloo 'n brief ontvang, wat deur die Engelse bevelhebber deurgestuur was, waarin Prinsloo aan hom meedeel dat hy verplig was „zich, met al de O.V.S.-lagers hier te velde, onvoorwaardelik aan de vijand over te geven."

Geen woorde kan beskryf wat daar op die oomblik deur die siel van Christiaan de Wet gaan nie. Perdeberg rys voor sy gees op, en hy sien dat die ramp daar op Noupoort met dié van Perdeberg op een lyn staan Onberekenbaar gevoel hy is die skade wat Prinsloo deur sy oorgawe aan die saak van die twee Republieke berokken het.

Maar daar kom dadelik vir hom verademing: 'n Weinig later in die dag ontvang hy 'n ander brief. Dit is 'n rapport van generaal P. Fourie, wat inhou dat nie al die kommandantskappe deelgeneem het aan die oorgawe nie. Dit meld dat Fourie, Hasebroek, Froneman en ander offisiere met 2,000 man van agter die berge uitgekom het, en dat seker gedeeltes van hulle plan het om na hom op te ruk.

Op 3 Augustus het generaal De Wet die laer oor Schoemansdrif deur die Vaalrivier laat trek. Die Engelse wat uit Potchefstroom opgeruk het, het dit nie kan verhinder dat hy met sy hele kommando veilig op Vanvurenskloof gekom het nie. Hier, egter, is iets gebeur wat hom nog nie in hierdie tog oorval het nie— so voortreflik is die spioneerwerk altyd gedaan! Hy is een môre onaangenaam verras geword—en dit met die tyding dat die vyand genader was tot op 3,000 tree van die walaer. Dadelik moes die laer voort. Dit gaan holder-de-bolder oor die randjies, en kom buite gesig, terwyl hy die vyand teëhou. Hy kan dit egter nie uithou teen die oormag nie, en trek die hele nag

deur in die rigting van Frederikstad-stasie. Die volgende môre het hy met trek aangehou tot aan die voet van die Gatsrandgebergte. Net 'n bietjie het hy laat uitspan, en toe is hy weer aan trek, met die Engelse kort op sy hiele. Daar was nou saam met die heirmagte wat hom deur die Vrystaat agtervolg het, ook die troepe wat uit Potchefstroom teen hom opgeruk het.

Gelukkig is hy sonder ongeval oor die spoor naby Frederikstad in die nag van 7 Augustus gekom. Die volgende môre staan hy aan Mooirivier, „met sy kristalle stroom," soos hy in sy boek aanteken. Daar kry hy die kommando van die Transvaalse generaal Liebenberg. Liebenberg trek nou saam met De Wet.

Dit was nou 'n gedurige wyk voor kolossale massas van Engelse, wat alle kragte ingespan het om die klompie Boere in hul mag te kry. Daar was vir De Wet geen kans om met die vyand slaags te word nie. Hoe sou hy kan staan teen die oorweldigende oormagte! Wat hy kon doen, was alleen om die kleinere perdekolomme, wat elke keer op die walaer en die burgers afstorm, met die doel om hulle te oorrompel, terug te hou, en dan kans te gee vir die waens om uit die voete te raak. Dit het maar elke dag byna plaasgevind. In een van die gevegte wat hy so gehad het, het hy 'n kanon vir die veiligheid van die kommando opgeoffer. Hy het hierdie stuk laat aanhou skiet op die oprukkende kavallerie, totdat dit onmoontlik was om dit mee te voer. Maar intussen was die walaer buite gevaar geraak.

Bedroewend is dit daaraan te dink dat De Wet al sy vernuf en vindingrykheid daaraan moes wy om waens en karre te red—en dat hy dit moes doen ten spyte van homself! Waens en karre moes hy red wat

aan hom opgedring was, waens en karre moes hy elke maal in veiligheid bring wat teen die uitdruklike besluit van die Regering tog bymekaargebring was— dat hy daarvoor sy kragte van liggaam en gees moes inspan! Hoe anders sou hy kan opgetree het gedurende die maande wat hy vir 'n walaer moes sorg dra, as hy met 'n perdekommando snel sou kan beweeg en gedurig aan die vyand onaangename verrassinge besorg het. Maar ook so, met die sware las van 'n walaer, het De Wet dit getoon dat hy op die duur dit op die Engelse gewin het.

Hy het nou iets uitgedink wat dit vir sy agtervolgers byna onmoontlik gemaak het om met die agtervolging aan te hou. *Die gras het hy al gaande agter hom afgebrand.* Dit moet die Engelse in die grootste verleentheid gebring het, want daar was also geen weiveld vir hulle trekdiere nie.

Op Witwatersrand het De Wet oorgetrek, en op 11 Augustus was hy deur die Krokodilrivier. Daar het hy gedink dat hy 'n bietjie sou kan rus, maar die vyand het dit nie toegelaat nie. Generaal De Wet is toe met die Rustenburg-Pretoria-pad voort, totdat hy naby Kommandonek gekom het. Daar, vind hy uit, was 'n Engelse mag. Dié was te sterk vir hom om aan te val, en hy is na Soutpan aan die Krokodilrivier. Die Engelse was nou 'n hele ent agter.

Dit is nou besluit dat die waens verder die Transvaal sou intrek tot in die Bosveld, terwyl president Steyn na Machadodorp sou gaan om die Transvaalse Regering daar te ontmoet. Wat generaal De Wet betref, hy sou met 'n klein mag terugkeer na die Vrystaat. Die magte van die Engelse, dit het elkeen geweet, sou agter die waens nie gaan nie as dit bekend sou word dat hy nie meer met hulle is nie: as

die President na Machadodorp gegaan het, en hy weer in die Vrystaat was.

Die Hoofkommandant het toe afskeid van die President geneem, en het op 17 Augustus met 246 man sy terugtog na die Vrystaat begin.

Met sy gade het dit, ná hy haar gegroet het op Rooiwal, treurig gegaan. 'n Maand lank het sy rustig deurgebring op die plaas van Berend Pretorius. Toe het daar 18 Engelse troepe van Vredefort uitgekom na die plaas. Hulle het van haar afgeneem haar veerwaentjie, en vyf waens, behorende aan haar en haar skoonsusters, saam met vier perde en sestig osse.

Hulle het ook een Engelse kommissariaat-wa, wat generaal De Wet in besit gekry het ná een van sy gevegte, daar gevind. Toe vra hulle vir haar waar „die twee kanonne was wat generaal De Wet op dieselfde geleentheid in besit gekry het."

„Ek het geen kanonne nie," was haar antwoord, „as ek kanonne had, sou julle my waens nie geneem het nie."

Treurig is dit te boek te stel hoe miniem die gedrag van die troepe daar was. Al die koffie, tee, suiker, rys, die breekgoed en die meisies se hoede, het hulle op die grond gegooi, en daarop getrap, „dat dit so kraak," het mevr. De Wet gesê.

Toe neem hulle Jannie, haar twaalfjarige seun, en 'n basterjong wat in haar diens was, saam om die vee aan te jaag. Sy het die grootste angs uitgestaan, want die vrees het haar bekruip dat hulle die kind van haar heeltemal sou kan wegneem Maar hy is tog teruggestuur.

Mevr. De Wet was nou so goed as van alles ontbloot. Maar haar vriende het vir haar bygestaan—van die een het sy dit, van die ander dat, gekry.

## HOOFSTUK XIII.

### ORGANISEER IN DIE VRYSTAAT.

Toe generaal De Wet teruggaan na die Vrystaat, kom hy aan die voet van die trotse gevaarte van die Magaliesberg Daar vind hy dat die Engelse so rondom hom saamgedring het, dat sy weg heeltemal versper was. Daar was geen pad wat vir hom ooplê nie.

„Maar ek moes handel," so verhaal hy: „ek besluit om die Magaliesgebergte sonder weg of voetpad te beklim."

Laat hom self verhaal: „In die omtrek is daar 'n Kafferhut. Ek ry daarheen. ‚Reg dwars voor ons,' vra ek vir die Kaffer wat daar woon—ek wys na die gebergte—, kan 'n mens daaroor?'

‚Nee, baas, jy kan nie!' gee die Kaffer antwoord

‚Het 'n mens ooit daaroor gery?' vra ek vir hom weer.

‚Ja, baas,' antwoord die Kaffer, ‚vanmelewe'

‚Loop daar bobiane oor?'

‚Ja, hulle loop daar, maar die mens?—nee!'

‚Ruk op,' sê ek aan die burgers. ‚Dit is ons enigste weg. Waar 'n bobiaan oor kan gaan, daar moet ons dit ook kan.'

By ons is 'n korporaal, Adriaan Matthysen, 'n burger van die distrik Bethlehem, wat baie vanpas en

M. STEYN, G. RICHTER, F. LE ROUX, L. COETZEE, W. SPIES, IZAK DE WET, B. RICHTER, J.SEUN, J. RICHTER,



LYFWAG VAN DE WET.

BOY THEUNISSEN, J. MEYER, J. NUSSEY, J. DE WET, GENL. DE WET, B. RICHTER, F. RICHTER.

droogweg soms 'n grap kon maak. Hy kyk op teen die gebergte, twee duisend voet hoog, en hy sug: ,O Rode See!'

Daarop sê ek: ,Die kindere Israels het geloof en het deurgegaan. Kom aan, geloof maar. Dit is nie die eerste Rode See waarmee ons te doen gehad het nie, en dit sal ook die laaste nie wees nie!'

Wat korporaal Matthysen gedink het, weet ek nie, want hy het niks gesê nie, en maar 'n lang gesig getrek, asof hy gedink het: ,U en niemand by ons is Moses!'

Ons ruk toe op, ongemerk, so meen ek, in 'n lap bosse. Ons kom in 'n kloof, en daarin gaan ons suidwes op, buite gesig van die Engelse, totdat ons die helfte van die gebergte beklim het. Daar moes ons suidwaarts uit die kloof gaan, en in volle gesig van die vyand, verder die berg uitklouter.

Dit was so steil, dat daar geen kans was om op ons perde te ry nie. Die burgers moes hulle perde lei, en het die grootste moeite gehad om op hulle voete te bly. Dit het dikwels gebeur dat 'n burger val en agteruitgly onder sy perd in. Al swaarder en swaarder en swaarder het dit gegaan, totdat ons byna bo-op 'n groot granietplaat, so glad soos ys, kom, waar mens en dier nog meer struikel en gedurig val

Ons was, soos ek gesê het, in gesig van die vyand, en, hoewel buite die bereik van Lee-Metfords, tog nie van grofgeskut nie.

Ek hoor die burgers kerm: ,Wat, as die vyand nou op ons die kanonne stel!' En ander weer: ,Wat sal van ons dan word? Niemand kan hier padgee nie.'

Ek stel hulle toe gerus, met die opmerking dat dit gedaan kon word as die Engelse 'n Howitzer had—'n soort van kanon wat nie erg in die smaak van die Engelse was nie—altans van die kolomme wat my agtervolg het.

Maar niks het gebeur nie. Die Engelse het op ons nie geskiet nie, hulle het ons ook nie agternagesit nie. Korporaal Matthysen sou nou kan gesê het dat hulle versigtiger was as Farao.

Ons het die top van die berg bereik—doodmoeg. Ek het vele berge beklim. Die ruwe rotswande van Majoeba het ek bestyg, op die steil sye van Nicholsonsnek het ek uitgekruip—maar ek was nooit so moeg as nou nie. Maar ek het 'n gevoel van voldoening diep in my gemoed, en al die swaar wat ons deurgeworstel het, was vergoed deur die pragtige gesig wat daar nou voor ons in die suide uitstrek. Dit was die oneffe veld tussen die gebergte waarop ons staan, en Witwatersrand. Deur 'n moot kon ons ver sien; en waar ons ook ons oog werp, was daar voor ons niks wat op 'n vyand lyk nie.

Daar dit nou te laat was om af te saal, begin ons, nadat ons 'n weinig gerus het, die berg voor ons af te daal, om 'n plaas te bereik waar ons hoop om slagvee vir die manskappe, wat nie alleen afgemat maar ook honger was, te kry.

Ons begin die berg af te daal gouer as ons hom beklim het, maar nie te gou nie, want dit was baie steil. Nog 'n anderhalf uur het dit geduur voor ons by 'n boerewoning kom. Elkeen kan dink hoe die burgers by die aandete die hart opgehaal het, en wat dit was om die moee ledemate rus te gee."

Generaal De Wet het toe voortgegaan na Gatsrand, en toe is hy oor die Krugersdorp-Potchef-

stroom-spoorlyn. In die nag van 21 Augustus is hy op Vanvurenskloof aangekom. Wat was dit verruklik om vroeg die volgende môre daarvandaan weer koppe as ou bekendes aan die oorsyde van die Vaalrivier in die Vrystaat te sien en herken. „Daar is die Vrystaat," klink dit vroeg in die môre van meer as een. Dit laat dink aan die geroep van die Grieke: „Thalatta, thalatta!"

Die Engelse het intussen Potchefstroom verlaat, en generaal De Wet het daarheen 'n oomblikkie gegaan. Daar het hy hom laat fotografeer met 'n geweer in sy hand. Hierdie geweer was die tweehonderdste van die Mausers wat die burgers weer in orde gebring het van die gewere van die manskappe wat op Potchefstroom wapen neergelê, en wat die vyand op 'n groot hoop gestapel en verbrand het Dat die Boere nou die gewere weer so goed herstel het, dat hulle weer in gebruik kon geneem word, was iets wat generaal De Wet so getref het, dat hy vir hom met een van die herstelde gewere laat afneem het.

Hy is toe na sy kommando terug, en oor die Vaalrivier die Vrystaat in. Hy verhaal van iets merkwaardigs wat daar 'n paar dae later gebeur het Hy was nie ver van die plaas van oud-komdt. Nel een namiddag besig, toe 'n Hottentot na hom kom en hom vra of hy nie sy agterryer kan wees nie. Daar generaal De Wet veel werk gehad het om af te doen, het hy vir die Hottentot gesê dat hy met hom oor die saak later sou praat. Om elfuur gaan hy slaap; maar hy word onrustig. Toe staan hy op, en gaan waar sy Kaffer slaap. „Waar is die Hottentot?" vra hy aan die Kaffer.

„Hy is weg om sy goed te gaan haal," gee die Kaffer antwoord.

Generaal De Wet het meteens order gegee om op te saal, en met sy manskappe het hy na 'n plaas aan die Vaalrivier dadelik weggetrek.

Die volgende dag, voor sonop, het 'n Engelse mag die huis waar generaal De Wet gewees het, omsingel. Hy noem sy ontkoming „een van die wonderlikste uitreddinge wat God vir hom in die oorlog gedurig in die een of ander vorm bewerk het."

Hy is toe na Renosterrivier, waar hy 'n tyding ontvang wat hom heeltemal ontroer het. Dit was van die sneuwel van kaptein Danie Theron. Daar is niemand wat 'n groter, liefderyker hart het as Christiaan de Wet nie, en dit het telkens uitgekom wanneer hy sy waardering oor die voortreflikheid van ander uitspreek, of waar hy hulde doen aan hulle nagedagtenis. Dit is wat hy van Danie Theron te boek gestel het:—

„Danie Theron is nie meer nie! Sy plaas sal nie lig gevul word nie! Beminlike en dapper manne soos hy sal daar wel in die wêreld wees; maar 'n man met so vele deugde in een persoon verenig—waar sal ek dié vind? Hy het by sy dapperheid groot krygslis besit, en was bowendien 'n deurdrywende man. Het hy 'n order gekry, of wou hy iets doen, dan moes dit, buig of breek, uitgevoer word. Aan die hoogste eise van 'n krygsman het Danie Theron beantwoord."

Generaal De Wet het nou 'n kommando waarmee hy vinnig kon beweeg. Dit was hom 'n verligting om verlos te wees van die beslommering van die walaer „My manskappe het ek nou die kuns geleer," sê hy, „om môre te staan waar die Engelse vandag is. Ek het hulle geleer om so te spioneer, dat hulle weet om altyd uit te kom, al is dit ook *net* ùitkom. En so was dit ook werklik dikwels die geval dat in plaas

dat die Engelse agter ons was, was dit ons wat agter hulle was. Dit was skermutseling en oorrompeling, aanval en padgee."

Daar moet hier melding van 'n geval van spoorvernieling gemaak word om 'n voorbeeld te gee van hoe deurtastend hy altyd te werk gegaan het. Hy het op die spoorlyn naby die Renosterrivier op vyf-en-twintig plekke dinamiet geplaas, met 'n man by elke lont. Dit moes aan brand gesteek word op 'n teken wat deur 'n fluitjie sou gegee word. Die liggies van die vuurhoutjies het die Engelse van 'n ander gedeelte van die spoor gesien, en dadelik het hulle op die burgers geskiet. Die burgers het toe op hulle perde gespring en weggery.

De Wet is nie tevrede nie. Al die skote *moet* aan brand gesteek word. Hy gaan saam met die manne. In die donker moet hulle sukkel om die lonte te vind. Weer is daar fout. Een burger het sy lont aangesteek voordat die fluitjie geblaas het, en toe jaag almal weer weg. De Wet het gewag totdat die skot ontplof, en toe die burgers weer na die lonte gebring. Toe het al die skote ontplof. Met halwe werk en halwe maatreels het hy geen geduld gehad nie.

Dit was in hierdie tyd dat die ammunisie wat generaal De Wet op Rooiwal geneem het, hom goed te stade gekom het—en dit veral omdat die Mauser-patrone al byna gedaan was. Dan was dit juis die regte ammunisie vir die burgers wat nie meer ou Regeringsgewere gehad het nie. Honderde het nou ook net Lee-Metfords, wat nie alleen geneem is op Rooiwal nie, maar ook gedurig in gevegte waar die Engelse die nederlaag gely het. Die spoor was ook net met die vyand se eie dinamiet opgeblaas.

Die manskappe wat anderkant die Magaliesberge met die waens agtergelaat was, het nou weer Vrystaattoe teruggekom. Op Renosterrivier het generaal De Wet kommandant Van Aardt gekry. Hy het nog enige waens met hom gehad, maar die meeste moes, deur die uitputting van die osse, agtergelaat word Baie burgers was ook te voet

Generaal De Wet het nou ook bepaal waar die hoofoffisiere nou moes opereer. Generaal P. Fourie moes dit doen van die omtrek van Bloemfontein na die suidelike distrikte toe, en generaal Hertzog in die westelike dele.

Dit is ook bepaal dat waar dit kon gebeur, die burgers wat die eed van neutraliteit afgelê het, weer onder wapen moes gebring word. So het daar byna 3,000 man weer aangesluit.. De Wet het hom heeltemal geregvaardig gevoel om dit te mag doen, omdat Engeland nie tegoedertrou gehandel het nie. Lord Roberts was aan sy proklamasie waarin hy beskerming beloof het aan burgers wat die eed gesweer het, nie getrou nie. Hy het hulle nie rustig op hulle plase gelaat nie. Maar hy het hom ook nog erger vergryp : Hy het so ver gegaan om persone wat die eed van neutraliteit afgelê het, te gebruik as „National Scouts" teen hulle mede-Afrikaners. Dan het generaal De Wet daarop gewys dat die Regering tog nooit 'n eed kon erken wat 'n burger, as soldaat van die Staat, geen reg gehad het om te sweer nie Maar wat nog swaarder geweeg het as alles, was dat dit tog nie begryplik was dat 'n reggeaarde burger ooit enige gewetenswroeging sou kan gevoel het as die kans hom daarvoor sou voordoen om die vreemdeling af te sweer en opnuut hom aan sy eie land en volk toe te wy nie.

Hy het die kommando's van Harrismith en Vrede op 23 September ontmoet nie ver van die beroemde

Vegkop nie, ten suidooste van Heilbron Dit het hom besonder groot vreugde verskaf om burgers weer te ontmoet wat hy laas op die rande rondom Ladysmith gesien het. Maar 'n gevoel byna van gramskap bruis daar in hom op waar sy oe nou op die groot walaers van die twee kommando's val. Hy dink daaraan dat dit 'n walaer was wat die twee grootste rampe oor sy volk gebring het, dat dit 'n walaer was wat hom 'n tog van byna driehonderd myle tot diep in die Transvaal besorg het. Dadelik voel hy dat, wat dit ook sou kos, die walaers afgeskaf moet word.

Hy het ongeveer om drieuur aangekom, en om vyfuur was die burgers almal bymekaar om te hoor wat die man sou spreek wat elkeen al so lank begeer om weer te ontmoet—die man ook wat elkeen verwag die uitredder te sal wees, nadat alles so verkeerd gegaan het met die oorgawe van Prinsloo.

Hy het toe die burgers toegespreek. Pakkend was sy woorde, klaar en helder wat hy aan hulle te vertel gehad het.

Nadat hy, op sy hoflike manier, die manskappe hartlik gegroet het, gaan hy met sy rede voort. „My vas vertroue is dat God ons sal help, en dat Hy nie sal toelaat dat ons as 'n volk sal verlore gaan nie. Maar dit moet ons nie sorgloos maak nie: dit moet vir ons 'n spoorslag wees om van ons kant ons plig te doen. Elke man moet weet wat sy plig is. Sy plig bestaan daarin, dat iedereen moet gereed wees om alles op te offer vir sy vryheid—sy geld, sy goed, sy gemak, sy lewe."

Hy wei toe verder oor die swakheid van die kommando's teenoor die Engelse heirmagte uit. Die beste wyse nou waarop die burgers in die ongelyke stryd hul plig sal kan vervul, sal wees om die vyand

te plaag. Hulle moet die kommunikasie van die Engelse gedurig stoor, en also die lewensmiddele op Johannesburg en Pretoria duur maak. „Verder," so het hy nou met oorweldigende beslistheid voortgegaan, „moet die waens afgeskaf word—onmiddellik afgeskaf! Die burgers moet almal in afsonderlike perdekommando's nou opereer. Burgers, ek mag dit nie doen om julle te vra nie, en ek vra julle ook nie wat julle wil doen met jul waens nie: ek sê julle dat die waens afgeskaf moet word!"

Hy het toe die een en ander meegedeel van wat gebeur is toe hy deur die groot troepemagte van Engelse agtervolg is van Slabbertsnek tot Waterberg toe.

En so was die toespraak waar daar so sterk na verlang is, uitgespreek. Elkeen het geluister. Niemand kon help om te luister nie as Christiaan de Wet aan die woord was. Maar die meeste burgers het nie gehoor wat hulle gewens het nie. Hulle het gedink dat generaal De Wet die saak op 'n ander manier sou wil red. Hy moes dit, so het menigeen gedink, op een of ander wonderlike manier doen. En hier moes hul nou voor hul sien 'n man wat sware pligte oplê en groot opofferinge eis!

Sommige het selfs gesê dat, daar dit onmoontlik was om sonder waens klaar te kom, dit onredelik was om dit te eis; en dat hulle daarom die bevel om die waens af te skaf, nie sou gehoorsaam nie. Maar Christiaan de Wet was die sterkste; en wat hy gewil het, dit het gebeur. Hoewel daar 'n aansienlike getal ontroues was, het die meeste vir hulle tog onder sy bevel gebuig; en dit was half pateties om te sien hoedat die burgers hulle pakkies opbind en vir hulle klaarmaak om nou in die toekoms as perdekommando te bestaan.




LYFWAG VAN GENL. DE WET, AFGENEEM NOVEMBER 1900.

Verder het generaal De Wet bepaal hoe die burgers wat hom daar aangehoor het, werksaam sou moet wees; en toe is hy na die Heilbronse burgers.

Hy is dadelik hierna bedreig geword deur 'n Engelse mag wat in dié dele te voorskyn gekom het. Hy het kans gesien met die Harrismithse en die Vredese kommando's om hierdie mag aan te val; maar wat was sy verontwaardiging groot toe hy die bevelvoerende offisier van dié kommando's bevel stuur om tot hom op te ruk om die Engelse aan te val, om te hoor dat die grootste gedeelte van die burgers van dié kommando's met hul waens huis-toe gegaan het. Dit moes hy nou weer van waens ly!

Dit was nou 'n gedurig in botsing kom met die vyand. En dit was met wisselende geluk. Twee groot rampspoede moes hom nou tref—dié van Frederikstad en Bothaville. In altwee gevalle was dit te wyte aan slegte verkenning. As De Wet met verkenners te doen gehad het soos hier, toe hy voor die kolomme van Broadwood na die Bosveld gewyk het, sou hy spoedig in die hande van die Engelse geval het.

In die begin van Oktober was dit dat hy generaal Burton by Frederikstadstasie aangeval het. Hy het die Engelse vyf dae vasgekeer; maar toe sommige van sy offisiere nie volgens sy orders gehandel het nie, moes hy die beleg opgee en wegtrek, nadat hy 'n treurige verlies gehad het van 30 dood en gewond. Die ergste, egter, het 'n paar dae daarna plaasgevind. Die kommandante het spioene uitgestuur. Almal was gerus in die laer, toe, omtrent twaalfuur, die verkenners die laer ingejaag kom, met die geroep: „Hier is die vyand!" Alles was nou in die war. Haastig is daar opgesaal. Die burgers moes onder die bestoking van kleingewere en 'n kanon uitjaag. 'n Kanon is ook in die slag gebly.

Daarvandaan is hy in die rigting van Bothaville. Op weg daarheen het hy president Steyn ontmoet, op sy terugreis van Machadodorp. Die President kon verblydende mededelinge doen van die goeie gees wat daar in die Transvaal was, en hy besluit nou om 'n tydjie by generaal De Wet te bly.

Op die 5de November was die kommando's op Bothaville. Die Engelse het generaal De Wet agtervolg, maar in die aand het hulle, na 'n skermutseling, buite gesig getrek, en De Wet het 'n bult oorgegaan, waar hy die nag gebly het. Hy het 'n brandwag gestuur tot dig by die Valsrivier, wat tussen hom en die Engelse was. Die volgende môre kom die brandwag in die laer met die rapport dat hulle niks gesien het as rokies aan die ander kant van die rivier nie. Maar die korporaal van die wag, sê generaal De Wet, was geen honderd tree van hom weg nie toe daar 'n paar skote val—en daar was die Engelse aan die kant waar die brandwag vandaan gekom het, 'n tweehonderd tree van die laer.

'n Skrik het nou daar op die manskappe geval, soos dit te dinke is. 'n Paar burgers het die vyand beskiet, maar die ander saal net op en jaag uit, sommige bloots. Dit het vir die Hoofkommandant nie gehelp om te skree: „Moenie wegjaag nie. Storm die vyand!" Die artilleriste het gedaan wat in hul vermoë was om die kanonne te red—maar kon nie. Ses stukke het in die slag gebly. Daar was vyf-en-twintig gedood en gewond, en 'n honderd man is krygsgevange geneem. Onder die gevangenes was ook staatsprokureur Jakob de Villiers. Hy is gewond geword toe hy met 'n klompie manne die troepe gestorm het. Onder die gevallenes is daar ook gewees dr. De Landsberg. Generaal De Wet het geag dat hy

vir die eer van die dokter in die bres moes optree, want in Engelse koerante was daar beweer dat hy met 'n patroonband om sy lyf gevind is. De Wet verklaar dat hy nòg geweer nòg patroonband besit het, en dat hy nie kon dink dat die dokter vir hom gedurende die geveg sou gewapen het nie.